**20 APRIL** **SKRIFGEDEELTE: HEBREËRS 10:1-10**
**FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 10:5-8**

**Wat is dit wat dit moontlik maak dat ons na die Here se aangesig kan soek?**

Die Jode het ŉ antwoord op hierdie vraag gehad. Hulle het gesê dat jy na die Here toe kan gaan, wanneer jy jou offers aan Hom gebring het. Waarom is dit nodig om offers aan die Here te bring? Offers moet gebring word omdat ons vol sonde is en ons nie vol sonde voor die Here kan verskyn nie. Offers moet ons sondes wegvat. Sodra een offer egter klaar gebring is, doen ons weer sonde en moet ŉ volgende offer gebring word om te vergoed vir die sonde wat pas gepleeg is. Op hierdie wyse het ons nooit sekerheid of die offers vir ons laaste sondes betaal het nie. Die vraag bly staan: Kan ons voor God verskyn of nie?

Die Hebreërsskrywer bevestig die heerlike waarheid van die evangelie. Christus is een maal geoffer vir al die sondes van sy gelowiges – ook vir die wat hulle nog sal pleeg, sodat die wat in Christus glo sekerheid kan hê dat hulle vrygespreek voor die Here sal staan. Glo jy hierdie waarheid oor Christus? Dan is die offer vir jou sondes ook eens en vir altyd aan die kruis op Golgota betaal en staan jy vrygespreek voor God.

Daar is nou net een verdere saak wat van jou gevra word: Reageer met dankbaarheid op Christus se offer, stel jou hartsgesindheid reg en span jou in om uit dankbaarheid gehoorsaam aan die Here te leef.

*Sing: Psalm 40:4 (Totius)* *Ds Janie Erasmus (Germiston)*